



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## FEBRUARIE/MAART 2014

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 'N VRIEND WAT JY ALTYD SAL ONTHOU



[Uit: www.google.com]

Jy het gedurende jou skoolloopbaan baie vriende gemaak. Daar is egter een vriend wat jy altyd sal onthou.

Skryf 'n **opstel** oor daardie vriend. **[50]**

1.2 **'N DAG SAAM MET 'N STRAATKIND**



[Uit: www.google.com]

Jy het 'n dag saam met 'n straatkind deurgebring.

Dink **byvoorbeeld** aan:

- Wat julle gedoen het
- Hoe mense julle behandel het
- Die lesse wat jy geleer het

Skryf 'n **opstel** daaroor. **[50]**

1.3 **TYD VIR 'N NUWE BEGIN**




Jy het besluit om jou verkeerde lewe te los. Dis tyd vir ’n nuwe begin.

Skryf ’n **opstel** daaroor. **[50]**

1.4 **As ek eers 'n paspoort het ...**




[Uit: www.google.com]

Wat sal jy alles doen as jy jou paspoort het?

Dink aan:

- Waarom ’n paspoort vir jou so belangrik is
- Die plekke waaroor jy nog altyd gedroom het
- Die loopbaangeleenthede as jy ’n paspoort het

Skryf ’n **opstel** daaroor. **[50]**

1.5 **Ouma en haar selfoon**



[Uit: www.google.com]

Jou ouma is een van daardie mense wat sukkel om met ŉ selfoon te werk.

Skryf ŉ **opstel** daaroor. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf ŉ opstel daaroor. Gee jou skryfstuk ŉ titel. Jou opstel moet direk by die KERN van die prent aansluit.

1.6.1




[Uit:www.google.com] **[50]**

1.6.2



[Uit: www.google.com] **[50]**

1.6.3



[Uit: www.google.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Jy het die volgende advertensie in die koerant gelees en wil graag aansoek doen vir hierdie werk.

**KELNER OF KELNERIN**

Dié pos is vanaf 01/04/2014 by *Silwer Wolk Spur* beskikbaar.

Vereistes:
- Harde werker
- Goeie kommunikasievermoëns
- Lief vir mense
- Eie vervoer

Pos jou aansoekbrief aan:

Die Bestuurder
Silwer Wolk Spur
Posbus 498
Durban
4000

Skryf ꞌn formele **brief** en doen aansoek vir hierdie pos. **[30]**

2.2 **DIALOOG**

Daar is een of meer van jou familielede oor wie niemand praat nie. Jy het besluit om jou oupa oor hierdie persoon/persone uit te vra.

Skryf die **dialoog** tussen jou en jou oupa neer. **[30]**

2.3 **KOERANTBERIG**

ꞌn Motor is voor ꞌn winkel op julle dorp gesteel.

Skryf ꞌn **koerantberig** oor wat daar gebeur het. **[30]**

2.4 **TOESPRAAK**

Jy is die kaptein van ꞌn sportspan. Jy moet jou span voor ꞌn belangrike wedstryd motiveer.

Skryf jou **toespraak**. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jou eerste dag by 'n nuwe werk is verby.

Skryf jou gedagtes oor daardie dag in jou **dagboek** neer. **[20]**

3.2 **UITNODIGING**



[Uit: www.google.com]


Jou suster gaan trou.

Skryf die **inhoud** van die **uitnodigingskaartjie** vir die troue neer. **[20]**

3.3 **POSKAART**

Jy en jou ouers is met vakansie. Daar het iets wonderliks met jou tydens hierdie vakansie gebeur. Jy kan nie wag om vir jou beste maat daarvan te vertel nie.

Gebruik hierdie formaat om die nuus wat jy aan jou maat wil stuur, neer te skryf.




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou